### *Die geaardheid van die menslike gees*

**141** Toe rig **Jarah** haar tot die engel en sê aan hom: "Jou Meester en my Meester het my heel welwillend na jou, vriendelike, pragtige jongman, verwys en aan my gesê, dat ek jou iets moes vra en dan sou jy my `n goeie antwoord gee. Daarom vra ek nou, waarom hierdie aardse verwante van my, en ook die leerlinge van die Meester moet slaap, terwyl ek waak, en waarom moet ek dit met my liggaamlike oë sien, of waarom kan ek dit, wat hulle volgens die mededeling van die Meester slegs maar in `n droom kan of mag sien en hoor?"

[2] **Die engel** sê met `n vriendelike stem: "Bekoorlike dogter van die Meester, jou siel het algeheel oorgegaan in die gees, en daarom is jy haas nie meer verbonde aan die wêreldse materie nie. Jou aardse oog het tot oog van jou siel geword, en die oog van jou siel het tot oog van jou ewige onsterflike gees geword. Daarom bevind jy jou nou in jou lewensfeer soos wat dit by elke mens eintlik die geval moes wees.

[3] Die gees van elke mens is so geaard dat hy net soos Elohim se gees die hele oneindigheid omvat. As jy nou `n nog so ver verwyderde ster of iets anders opneem in jou suiwere hart, wat `n geestelike oog is, en tewens die oog van jou siel deur jou vleeslike oog rig op die voorwerp wat deur die geestelike oog beskou word, bots die innerlike beeld wat in jou gees aanwesig is met die uiterlike ooreenkomstige vorm daarvan. Deur hierdie botsing gaan daar in die siel `n volmaakte lig skyn oor die beskoude voorwerp, en dit bied haarself dan so aan jou soos wat dit in wese is.

[4] En ek sê jou in waarheid, dat alle mense dit sou kon as hulle in hul hart net so ryp en geaard sou wees soos jy. Maar daar is maar baie min wat op jou trek! Hierdie slapendes hier trek in elk geval nie op jou siel en hart nie! Hul siel sien nog lank nie deur hul aardse oog nie, en die oog van hul gees is nog vas gesluit. Daarom moet hulle siel self eers geskik gemaak word deur haar tydens die slaap alle wêreldse indrukke te ontneem, sodat sy so met haar fynere sintuie kan kom tot waarneming en aanskouing van die verhewe sinnelike, wat in die geestelike oorgaan.

[5] Daarom is die slaap van die rustendes hier ook `n spesiale slaap, wat `n mens langs natuurlike weë maar selde kan bereik.

[6] Bepaalde siels- en geestesterke mense kan by die swakkere broers so `n slaap deur herhaalde handoplegging teweegbring, maar die swakke mense kan dit nooit by hul selfs swakker broers en susters teweegbring nie. Maar dat die Meester alleen deur Sy wil alles kan doen, daaroor sal jy tog nooit meer enige twyfel in jou laat opkom nie?!"

[7] **Jarah** sê: "Die Meester seën jou vir die uitleg, wat ek baie goed verstaan het! - Maar nou nog `n ander vraag! Sê my, goeie knap jongman, hoe moet ek nou jou onbegryplike snelheid vir my voorstel?"

[8] **Die engel** sê: "Liefste dogter van Elohim! Dit is iets wat slegs `n suiwere gees sal kan verstaan, omdat daardie snelheid met tyd en ruimte niks uit te make het nie. Self is ons niks, maar wat jy aan ons sien met jou geestelike oë is Elohim se gedagte, Elohim se idee, Elohim se woord. Ons is dan ook baie suiwer geeste, geen materie kan vir ons die een of ander hindernis vorm nie.

[9] As niks `n lewende gees kan hinder nie, is vir hom hier en daar onvermydelik een en dieselfde. Geen materie kan daarom net so vinnig gaan as ons nie, omdat dit selfs in die allerfynste eter altyd nog `n weerstand ondervind waardeur sy beweging gerem word.

[10] Mens vind in die eindelose groot skeppingsruimte veral middel-sonne van die derde orde wat direk gevolg word deur die hoof-middelson. Hierdie sonne beweeg hulle in afsonderlike groot bane om die hoofmiddelson met `n snelheid wat vir jou begrip nie begryp kan word nie, om daardeur vir hulle op `n bepaalde afstand van die hoof-middelson te bly. Hul baan is ten gevolge van hul groot afstand tot die hoofmiddelson vir jou begrip ontsettend uitgestrek.

[11] Stel jou byvoorbeeld hierdie aarde voor as `n kegel, wat in werklikheid talle honderd duisend kere groter is as die deel wat jy nou sien. Laat hierdie groot kegel egter bestaan uit enkele sandkorreltjies, soos wat jy hulle al dikwels aan die oewer van die see gesien het. Stel jou dan die aantal sandkorreltjies voor wat nodig sou wees om so `n hele aarde te vul! Neem nou vir elke sandkorreltjie `n afstand van hier tot aan die ster, wat ons die eerste besigtig het, dan gee die totale aantal sandkorreltjies ongeveer die deursnee van die baan van `n middelson van die derde orde! Hierdie baan lê so `n middelson natuurlik op so 'n vlug net in tienmaal honderd duisend jaar af, maar omdat die baan so ontsettend uitgestrek is, moet so `n son ook elke oomblik `n duisend maal so groot afstand afgelê het as van hier tot aan die ster, wat ons die eerste keer besigtig het!

[12] Nou sal jy dink: 'Ja, as dit so is, verplaas so `n son haar tog duisend maal gouer as u as suiwere gees! Want as ons met die snelheid van die son van hier na die ster gevlieg het, dan sou ons daar sonder meer duisend maal vroeër aangekom het as met u geestelike snelheid!?'

[13] Dan sê ek vir jou dat die groot snelheid van die son tog `n slakkegangetjie is vergeleke by my

geestelike snelheid! Want weet jy, ondanks haar, vir jou begrip, ontsaglike snelheid het die son tog nog tienmaal honderd duisend jaar nodig om haar uitgestrekte baan om die hoofmiddelson af te lê, terwyl ek of `n ander gees van my soort, dieselfde afstand so gou kan aflê dat tussen my vertrek en my terugkoms nie die kleinste merkbare tydsverskil sou wees nie. Ja, ek sou in dieselfde kort tyd ook `n talle duisend maal honderd duisend maal groot baan kon aflê!

[14] Daarom is daar tussen die snelheid van `n gees en die snelheid van sulke vinnig vlieënde materie - hoe die snelheid ookal vergroot sou word - `n oneindige verskil. Want ookal lê die nog so vinnig bewegende materie ook in `n oomblik `n afstand soos van hier tot aan die ster af, dan het hulle vir `n tweemaal so `n lang afstand al twee sulke oomblikke nodig, en as die materie in `n tydperk honderd duisend van die afstande aflê, dan sal hulle vir tien van sulke afstande ook tien sulke tydperke nodig hê, terwyl ek elke denkbare afstand in een en dieselfde oomblik kan aflê.

[15] En kyk, dit kan elke gees van my soort doen, omdat daar vir ons in die hele ewige oneindigheid nie die geringste hindernis aanwesig is nie. Maar die materie ontmoet allerlei hindernisse, selfs in die vrye eterruimte, en kan daarom nooit die snelheid van `n gees ewenaar nie! - Sê my nou eens, bekoorlike dogter van Elohim, of jy dit nou wel `n bietjie verstaan het!"

## *Ken Elohim se werke tot vermeerdering van die liefde*

**142** **Jarah** sê: "Met behulp van die Meester het ek dit wel verstaan, maar dit begin my weer baie duiselig te maak! Want ek het daardeur tot die volle oortuiging gekom dat `n geskape gees `n ewigheid nodig het om ook maar een van die oneindige groot hoofmiddelsonne deur en deur te leer ken. Jy het daarvan vertel dat hul aantal in die eindelose ewige ruimte volgens menslike begrippe ontelbaar is, en dat elkeen van hulle die draagster of liewer die heerseres is van drie ordes middelsonne met hul aardesonne, wat in eindelose groot bane om haar heen draai en waarvan die aantal deur geen sterflike gees bevat kan word nie! Maar as so `n ontsettend groot hoofmiddelson elke geskape gees al `n ewigheid kos om te besigtig, hoe lank sal hy dan met al die ontelbare ander besig wees!?

[2] O, dit sou egter nie slim van my wees as ek so iets sou verlang nie! Ek bly mooi by my liefde tuis en dink daarby: 'So `n son is wel iets reusagtigs groot en `n geweldige getuie van die eindelose Wysheid en ewige Mag van JaHWeH, maar sy kan die Meester, haar Elohim en Skepper, nie sien, verstaan en bo alles liefhê soos ek nie!' - En kyk, dit is na my mening baie meer werd as `n eindeloos groot son te wees in `n onmeetbare diepte van die eindelose skeppingsruimte! En wie weet of die Meester my miskien nie net so lief het soos so `n groot son nie!?

[3] En weet, aardige jongeling, hierdie aarde van ons sou op die enorme son miskien as `n nouliks merkbare stoffie te sien wees, maar tog loop Hy nou op haar bodem, van Wie se minste asemteug die bestaan van al die tallose hoofmiddelsonne afhang! En daarom dink ek dat dit nie altyd die grootste in die oë van die Meester is wat van die eindelose skeppingsruimte `n nouliks meetbare deel uitmaak nie, maar wat innerlik groot is!

[4] Wat is ek as kind wat betref liggaamsgrootte vergeleke met ons kleine aarde, en tog voel ek in my bors `n ruimte waarin al jou hoofmiddelsonne met al hul tallose bysonne en aardes plek oor het! My kleine oog aanskou met één blik duisend maal duisend sterre; dit is maar die vraag of al die groot sonne dit kan doen!? - Het ek gelyk of nie!"

[5] Nou sê **Ek**: "Jy het volkome gelyk, en dit is so, en jy alleen weeg op teen duisend sonneheelalle wat die eindelose skeppingsruimte vul. Maar dit is altyd goed vir die mens dat hy My werke ken ter vermeerdering van die liefde tot My, sy Vader!

[6] Maar dit begin nou skemer te word en ons sal ons vriende gaan wek! Hulle moet egter beslis na mekaar gewek word. Jy moet verder aan niemand iets oor alles wat jy gesien het, vertel vóórdat jy `n wenk van My sal kry en nou ook jou engel, wat Ek sigbaar, maar anders gekleed, tot aan jou volwassenheid by jou sal laat nie. Die ander engele moet nou weer onsigbaar word – laat dit so wees!"

[7] Oombliklik later verdwyn die engele op een na, wat Rafael heet, en hy word geklee soos `n mens wat in Genésaret gewoon het.

[8] Toe **Jarah** Rafael so gekleed sien, sê sy: "So is dit goed - so geval jy my beter as in jou hemelse glans, want so sien jy heeltemal soos `n mens daaruit, en ek sal regtig van jou hou - dit is slegs ‘n vraag wie intussen jou groot take vir die bestuur van die wêrelde sal oorneem!"

[9] **Die engel** sê: "Lieftallige dogter van Elohim, bekommer jou nie daaroor nie, want ek kan altyd hier en daar en orals wees, sonder dat jy iets van my afwesigheid sal merk, behalwe so nou en dan `n paar oomblikke. Dit bly alles dieselfde. Ek sal my trouens baie haas om na jou toe terug te kom, want ek hou al meer van jou as van al my ontelbare sonne, wat ons op `n geleë tyd nog verskeie kere tesame sal besoek. - Maar nou wil die Meester die broers wakker maak, daarom moet ons self stil wees!"

[10] **Jarah** sê: "Ja, ja, ek gehoorsaam graag en is al so stil soos `n muis!"